5 Junie 2022

# FAMILIE TUISBLAD

## Psalm 104

Dink aan die laaste keer wat julle in die natuur gestap het. Waarheen het julle gestap en saam met wie? Wat het julle alles gesien – watter voëls, diere, plante en bome? Veldblomme? Het jy dalk gedink aan God wat alles gemaak het? Dink net vanaf miere, ysbere tot en met die veldblomme. Hy het dinge geskep wat vir ons nuttig is soos vrugte en groente om te eet en wind en water vir hernubare energie. Hy het 'n paar goed gemaak wat ons ook lekker laat lag soos katjies, kameelperde, skilpaaie, en ek en jy.

Vandag is die groot partytjie dag waaroor ons verlede week gesels het, die Fees van die Gees, of Pinksterfeesdag; die kerk se verjaarsdag. Die afgelope week het ons Pinkster gevier, waar ons gehoor het hoe die Heilige Gees by ons elkeen is, sodat ons in die wêreld kan uitgaan en Jesus se goeie boodskap kan gaan leef en doen. Maar Hy stuur ons nie net na mense nie, Hy stuur ons ook om die aarde op te pas.

**Lees: Psalm 104 (veral vers 24)**

**Gesels:**

- Wat is een van jou gunsteling dinge wat God geskep het?
- Hoekom is dit belangrik dat ons die aarde oppas?
- Wat is een maklike ding wat julle as huis vandag mee kan begin om mooier na God se aarde te kyk bv. herwin, minder plastiek koop, korter stort, gryswater gebruik om toilette mee te spoel, eerder nog 'n warm ding aan te trek as om die verwarmer aan te sit ens.

**Bid**: Vandag is Biddag vir die Ekologie. Sing of luister saam 'n lied wat gaan oor God die Skepper, en gebruik daarna die woorde as 'n gebed, bv. "Daar is vissies in die water" of "Hy hou die hele wêreld in sy hand", "God sorg vir die mossies", "O Heer my God"

**Doen:** Gaan stap 'n ent deur jou buurt, of deur 'n park hierdie week. Soek iets wat interessant is wat jy mag optel, wat jou herinner aan God wat die Skepper is. Sit dit in julle huis neer as 'n herinnering bv. 'n klip met 'n interessante vorm, 'n ou voëlveer, 'n takkie of 'n dennebol.

---

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **hoe die Gees ons lei om die aarde op te pas** op die **DinkJeug Familie App**.

**Laai die app gratis hier af:**

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za